Geliefde Lourensrivierder

Soos julle dalk op die nuus in die week gehoor het, het daar 3 mense die naweek gedurende die Argus Fietstoer gesterf. Dis vir my so hartseer en die woorde “geleende tyd” bly dwarrel in my kop rond. Die een persoon was maar 40 jaar oud.....
Hoe weet ons of ons more ons oë gaan oopmaak of nie.....
Is die naweek se gebeure nie maar net weer ‘n herinnering daaraan dat tyd nie in ons hande is nie en dat ons werklik mooi moet dink wat ons met ons geleende tyd doen.
Watter nalatenskap (“legacy”), ook geestelik, laat ek agter as my tyd op aarde verby is en die Here my kom haal??

Ek haal aan uit ‘n skrywe op http://www.heuning.co.za/rippel%20nalatenskap.htm:
“Wat blaas jy aan, wat dra jy oor van geslag tot geslag? En as jy sleg ontvang het, kan jy dit in goed verander en DIT aanblaas? Dit is in ‘n groot mate jou keuse. Almal los iets agter en jy gaan ook, of jy wil of nie en dit sal 'n invloed hê, positief of negatief.”
Gaan lees gerus die res van die boodskap op die skakel.

NUUSKRUMMELS: 15 MAART 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Ook te koop by Kerkkantoor:
Anna se organiese Hanepoot Korrelkonfyt: R20 per potjie

ALLES is ten bate van die Voedselfeesprojek

NUWE TANDARDS PRAKTYK OM DIE HOEK
Ons eie Agape Maestro, Marius Kitarius se praktyk is uiteindelik oop♫

Dr Marius Peek
Winkel 4 , Goedehoop Sentrum, Broadway , Strand
SPAR Sentrum
Mediese fonds tariewe. Kontrakteer met al die netwerke bv. Keycare ens.
Ma – Vry 8:30 tot 18:00
Sat 9:00 tot 13:00
Na ure (indien nodig): 071 300 5632
thefriendlydentist@outlook.com

Marius het ook ‘n paar liefdadigheidsprojekte begin waar die praktyk gratis diens aan minderbevoorregtes in die gemeenskap en skole gaan bied. Ons bid die Here se seën oor sy Praktyk en wens hom alle voorspoed en sukses toe.

Hiermee nooi ons ook weer Gemeentelede uit wat besighede het om die kerkkantoor te kontak sodat ons die inligting op die besigheidsnetwerk op ons Webwerf kan plaas.

Jy kan ook jou besigheid op Graham Powers se Unashamedly Ethical webwerf gaan registreer waar Christene, wat in alle omstandighede eties wil optree in hul besighede, ‘n besigheidsnetwerk geskep het: http://unashamedlyethical.com/

Na Joannette Kruger van **Joya Homes** se praatjie verlede Sondag in die kerk het ons talle navrae gekry van mense wat betrokke wil raak.

Op grond hiervan het sy dit goed gedink om ‘n **inligtingsessie te hou op Maandag 19 Maart @ 19h00, in die konsistorie.**

Ons gemeente het ook vir hul kospakkies geskenk en ek deel graag ‘n foto met julle waar hulle dankie sê:

NUUS UIT GEMEENSKAP

Die Ruimte Sentrum in Millsstraat 96, verkoop weer weekliks heerlike druiwe, vars afgelewer vanaf De Doorns, vanaf Woensdag 4 April 2018.

Koste: R65 vir 4 kg

Plaas asseblief u bestelling teen Maandae vir afhaal op Woensdae.
Skakel Delmari/Gerda by 021 -854 8234

NOG LIEFDADIGHEIDSORGANISASIES OM TE ONDERSTEUN

VRYWILLIGERS GESOEK OM DIENS AAN SENIORS TE LEWER

Projek Daphne het in 1994 'n tak in Strand gestig en oor die jare bekendheid verwerf vir die diens wat die organisasie aan senior burgers lewer.

Dit behels die verskaffing van vervoer aan bejaardes wat nie meer hulle motors kan gebruik nie en nie familie in die Strand het nie.

Nonnie Briers, Voorsitter, sê die organisasie is werklik desperaat vir vrywilligers wat met die vervoer kan help. As ons nie vrywilligers het nie, kan ons nie hierdie diens lewer aan ons senior burgers nie.

Al wat ons vra is 'n bietjie van die vrywilligers se tyd om hierdie mense te help vervoer op enige werksdag wat hulle pas. Ons wil vrywilligers nie aan enige roetine verbind nie en hulle eie verpligtinge sal altyd voorkeur geniet.

Vervoer word verskaf aan seniors wat na hulle geneesheer, tandarts, apteek, biblioteek of haarsalon moet gaan en soms om inkopies te doen.

Belangstellende kan Projek Daphne skakel Maande tot Donderdae tussen 09:00 en 11:00 by 0843885348.

NONNIE BRIERS
VOORSITTER

RAPE CRISIS HELDERBERG

Putting back the pieces

TO OUR DEAR COMMUNITY

AUTUMN IS HERE AND WE ARE STILL IN NEED OF YOUR SUPPORT!

RAPE CRISIS HELDERBERG

Please we are making an appeal for all good 2nd-hand warm clothing, curtaining & linen. All jackets, jerseys, jeans, socks welcome as the seasons are becoming cooler. We assist our survivors and also supply stock to our clothing shop to raise much needed funds.

If you can assist in any way please contact Colleen at 021 852 5620. We thank you with all our hearts. You may also send me an e-mail to
info@crisiscentre.org.za
PUTTING BACK THE PIECES

ACVV STRAND KLEREKAMER

Die ACVV Strand Tak in De Villiersstraat benodig dringend 'n persoon om op 'n vrywillige basis die klerekamer te behartig. Daar is 'n groot behoefte in die gemeenskap en die diens word al vir baie jare deur ons gelewer. Indien u belangstel kan u vir Jackie Dippenaar by (021) 854-7215 kontak vir meer inligting.

ACVV lewer maatskaplike dienste aan kwesbare kinders, gesinne, vroue en ouer persone/
ACVV renders social services to vulnerable children, families, women and older persons

·SAAM IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP · TOGETHER IN SERVICE OF THE COMMUNITY·
·SIKUNYE KWIINKONZO ZOLUNTU · RE MMOGO MO DITIRELONG TSA LOAGO·

Dear Cansa Friends

We are busy doing a survey so your response to this mail will be much appreciated.
CANSA Relay For Life Helderberg has always taken place in February/ March each year. We have received some request to move our Relay to October month.
If we move our date to October then we are going to have to Relay again this year as CANSA's year runs from 1 April to 31 March each year so if we do not Relay this October we will be missing a CANSA year (2019).

We have been given a date 13/14 October.

Some people feel that the Relay is to near to the beginning of the year and one has not really recovered from Xmas and the start of the new school year by the time we relay. Moving to October people will have more funds available. Another reason is that February is your windy months and last reason is it is so near to financial year end for many.
We as CANSA Relay For Life Helderberg Committee members have taken all the above into account and before we make a final decision we would like each and every bodies input regarding this matters.

If you could just reply with a yes or a no to tlkruger1@gmail.com, it would be great so that we can get a final vote. If you have any questions please let me know and I will gladly reply to your mail.

Lucille Kruger (CANSA Relay For Life Helderberg) Team Chairperson @ 0729286135

YOUTH BUILDING WORKSHOP

Ambition – Courage – Self respect

presented by – Julia Lloyd

DATE: Saturday 24 March 2018

TIME: 10am – 12:30pm

VENUE: Hello Coffee @Lush 131 Main Rd, Strand

AGE: Girls 13 to 18 years

COST: R135 – includes workshop notes & light snacks

The aim is to build up our youth and NOT break them down. This is not a modelling course, but a workshop that builds confidence through ambition, courage and self respect.

For more details or to make a booking – please contact Julia – 072 5839657 / julia@abovetalentmodels.co.za

Who is Julia Lloyd?

Julia has been involved in youth empowerment for more than 10 years and has worked as a high school teacher, with life orientation as her main subject.

She has also done numerous courses on drug and alcohol abuse as she is very passionate about understanding and addressing the problem.

Julia is the owner of Above Talent Models and has 20 years of experience in the model, acting and pageant industry. As a model she has featured in local and international TV commercials and catalogues, as well as competed in numerous beauty pageants.

LIMITED SPACE

KNIEWERK:

- Ons bid vir die boere wat swaarkry, reën, ons waterkrisis asook vir vrede, eenheid, regverdigheid en eerlike leiers.
- Paul Louw vir gesondheid (kanker)
- Sannie le Roux vir gesondheid (kanker)
- Piet Nortje vir gesondheid
- Joël Kriegler vir bestraling
- Makkie Marx vir gesondheid
- Ds Leopold, vir spoedige herstel na operasie
- Jessie Serdyn se mamma, Biebs Human (Huis Pam Brink) herstel na val en hospitalisasie

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SO. 18 MRT SE BOODSKAP: JOH 12:20-33 (VYFDE WEEK IN LYDENSTYD)

Die betekenis van Jesus se dood en verheerliking word met 'n gelykenis in 'n enkele vers uitgedruk. Die saad wat moet sterf voordat dit kan vrug dra, is 'n beeld wat nie veel verduideliking nodig het nie. Jesus se dood word as so 'n saai van saad gesien. JESUS IS DIE EERSTE KORINKORREL WAT STERF....
Deur sy dood sal die veelvuldige vrug volg. Daar is egter 'n kinkel! Jesus bring dissipelskap (om Hom na te volg) in verband met dié beeld.
Jesus se woorde beskryf die koste van dissipelskap. Om Hom te volg is om saam met Hom te sterf – om Hom as 't ware selfs in die grond in te volg.

ONS HET 2 SOORTE BELYDENISSE:
Die een bely ons met die kop.... Ons stem saam, maar ons lewe, (denke, woorde, dade en houding) in praktyk verander nie.
Die ander bely ons met die hart.... My hele lewe word volgens hierdie belydenis gerig. Ek het die Here Jesus, God-drie-enig van harte lief. Sy lewe word in my lewe sigbaar. Ek sterf aan myself!

Eers nadat die saad in die grond val en sterf, kan dit baie vrug dra. Wees versigtig wat jy vra. Is ek en jy gewillig? As ons is, dan kan ons dit met vrymoedigheid bid. Dis die mees betekenisvolle gebed. Sien ons kans? Min mense sien daarvoor kans. Jesus het daarvoor kans gesien. Wat moet in my sterf? Wat moet in my lewe sterf sodat ek vrug kan dra? Jesus het aan sy aardse lewe gesterf!! Ons verwag Jesus moet sterf..... God se Seun, maar ek?
Bron: http://preke.bybelmedia.org.za/

Lees bietjie hier langsaan wat skryf Elsa Meyer in die boek “Draai terug na God”.....



Begin by die begin: Gee vir God jou hart

Om na God toe te draai vra nie 'n debat oor ingewikkelde teologiese kwessies nie. Dit vra gewoon 'n Bybelse leefwyse. Ons moet God bo alles liefhê.

Al weet ons, doen ons nie altyd nie

Om te weet en om te doen is nie naastenby dieselfde ding nie. Ons weet baie dinge. Ons weet:

- dat ons nie te veel moet eet nie, maar ons doen dit in elk geval
- dat ons nie meer as drie koppies tee/koffie per dag moet drink nie, maar ons doen dit steeds
- dat ons agt glase water per dag behoort te drink, maar ons sukkel om vier in te kry
- dat ons BMI nie hoër as 22 moet wees nie, maar ons steur ons nie daaraan nie
- dat ons minstens drie keer per week moet oefen, maar ons kom nie van die stoel en die bank af op nie
- dat ons nie ons kinders moet bederf nie, maar ons doen dit
- dat die Bybel sê ons moet God bo alles liefhê, maar ons leef dit nie

Ons sê so maklik dat ons God liefhet, terwyl daar nie werklik 'n diepgaande liefde in ons harte vir die Here is nie. Ek stry dieselfde stryd as jy. Ek sê dat ek God liefhet, maar ek sukkel om dit te leef.

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier